**INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS**

**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

| Publikasie nr. | Datum | Onderwerp nr. | Dokument nr. |
|---|---|---|---|
| 0 1 1 5 9 | 8 1 0 8 1 4 0 2 1 6 | 3 3 9 | 1 1 7 2 2 a |

OGGENDBLAD Jg. 9 Nr. 227 P. 10 Dat. 81 8 14

# Dié ,idealisme' is kortsigtig

**Marius Bakkes**

**BOMONTPLOFFINGS het aan die orde van die dag geword hier in Suid-Afrika. Sedert Harris se opspraakwekkende stasiebom het dit nou 'n alledaagse ding geword dat menselewens en eiendomme in gevaar gestel word deur onverwagte ontploffings en bomaanvalle op die strategiese plekke.**

Wanneer dié rubriek verskyn sal daar heel waarskynlik weer so iets plaasgevind het iewers in Suid-Afrika. Eergisteraand is daar willens en wetens met vuurpyle op 'n bewoonde gebied in Pretoria geskiet. Twee dae tevore het 'n ANC-bom in die middestad van Oos-London ontplof. Aan die einde van verlede maand ruk 'n bom winkels en ander besitting uitmekaar in 'n straat in Durban.

Winkelsentrums, militêre instellings, openbare plekke en strategiese opslagplekke het die skryf geword van kortsigtige helskinders wat die goeie wet en orde in ons land wil ondermyn.

Die sinneloosheid daarvan maak 'n mens bitter. Is sulke aanvalle en ontploffings dan nie teen die witman en sy bewind gemik nie! Eergisteraand met die aanval op Voortrekkerhoogte was dit 'n swartvrou wat beseer is. Op die 26e van verlede maand toe 'n bom in 'n straat in Durban ontplof, was dit 'n niksvermoedende Indiërman wat ernstig deur vlieënde glasskerwe gewond is.

Wat die situasie meer ironies maak is die feit dat die deursnee Suid-Afrikaanse swarte geen bydra aan die organisasie van sulke geweld het nie. Dit is buitestanders. Marionette in die hande van 'n ander wit baas wat hulle manipuleer en voer met wapens waarmee hulle dood en geweld kan saai.

Gewetenloos kan ons die kwasie-vryheidsvegters nie noem nie. Daarvoor skiet hulle gebrek aan inisiatief te kort. Ek verkies om hulle verstandloos te noem.

Hulle haat, maar hulle kan dit nie peil nie. Hulle kan dit nie op die regte manier kanaliseer nie en word dus subjektiewe poppe in die hande van 'n groter mag — die kommunis.

Miskien moet ons vir wie dit beskore is om objektief te haat, leer om te haat.

Eergisteraand was dit weereens 'n anderkleurige wat byna aan die hande van ANC-insypelaars, wat gekom het om te plunder en te moor, gesterf het nadat daar met 'n Russies-vervaardigde masjiengeweer op hom geskied is.

Die gebrek aan inisiatief van die helskinders word keer op keer onderstreep wanneer hulle ná elke aanval deur die veiligheidspolisie vasgetrek word.

Waar is hulle groot wit helpende hand van vêr oor [illegible] see dan om hulle by te staan in hulle uur van verknorsing. Wat hulle nie besef nie, is dat hulle dan afgeskryf word. Dat hulle gefaal het om hulle baas se rooi ideologie na behore uit te dra met geweld en dood en verder vir Baas Kommunis net 'n verleentheid geword het.

Hier en daar vind hulle nog [illegible] of twee instansies wat simpatiek staan. Miskien 'n Engelstalige dagblad of 'n misplaasde kerk-

**TREFWOORDE**

1. [illegible] / [illegible]
2. Voortrekker- / hoogte
3. Stedelike / Terrorisme
4. Vuurpyle
5. Aanvalle
6. Oos- / Londen
7. Port / Elizabeth
8. Bomontplof / [illegible]
9. Kommunisme
10. Strategie

. INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS

Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat

| Publikasie nr. | Datum | Onderwerp nr. | Dokument nr. |
|---|---|---|---|
| 0 1 5 9 | 81 08 14 026 | 329 | 1722b |

OGGENDBLAD Jg. 9 Nr. 229 P. 10 Dat. 81 8. 14.




organisasie, maar ook hulle is poppe.

Hoe maklik kan dié simpatiseerders nie vergeet van die moord en vernietigingsdrang wat dae tevore nog in die arme „slagoffer" se oë geflits het nie. Hoe maklik is dit nie vir hulle om dan my mense as die onderdrukkers en genadeloses uit te kryt nie.

Met 'n skerp vinger word dan na ons polisie gewys. Dit is hulle wat 'n man sal pynig en sal martel om inliting te bekom. Miskien om uit te vind waar die volgende bom gaan ontplof of watter treinspoor volgende gesaboteur gaan word. Wie gee hulle die reg om so te maak, vra die arme misplaasde simpatiseerders verontwaardig.

Elke vrou en kind, blank of nie-blank gee hulle die reg om met die gal te werk van sulke helskinders. Elkeen wat iets besit en dit wil behou en elkeen wat hier wil leef en streef in die orde van 'n gelukkige land.

TREFWOORDE

1 ................

2 ................

3 ................

4 ................

5 ................

6 ................

7 ................

8 ................

9 ................

10 ................